
# 448 Stuur u vuurgloed hierdie fees




Op die altaar, lê ons, Heer,
siel en liggaam voor U neer.
Maak van bose lis ons vry,
dat ons alles aan U wy.

Alles lê ons voor U neer,
altyd aan U trou te wees;
net aan U, aan niemand meer;
vul ons nou, o Heil'ge Gees!

Kom, o Heer, terwyl ons wag,
vul ons met u Geesteskrag;
sien ons nood in hierdie uur;
doop ons met u Geestesvuur!

Onbekend J.H. Knecht (1752-1817)